S. Store
326 : 323.2(68232) COM

# VOLUME 6

## PAGES 415 - 471

21. Oct 1960. Machiel Andries Labuschagne. Cross Examination No. 4 P. 415
Complaint re witness warned to leave Court who persisted in remaining in Court unobserved P. 423
(ctd) Machiel Andries Labuschagne Cross Examination ctd No. 4 P. 423
" " No. 8 P. 433
" " No. 38 P 451
" " No. 39 P 454
" " J.U. P 462

VOLUME 6 = PAGES 415-471

21 OKTOBER 1960.

HOF HERVAT : VERSKYNINGS SOOS VOORHEEN.

MACHIEL ANDREAS LABUSCHAGNE, beëdig verklaar:

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4:

Mnr. Labuschagne, u het alreeds vir die Hof gesê dat vir die afgelope vier jaar was u die Superintendent van die Sharpeville lokasie? Is dit so? --- Dit is korrek.

U het ook vir die Hof gesê dat die inwoners van Sharpeville lokasie vredeliewendesmense is? --- Ja, vredeliewend.

En mense wat hulself ook goed gedra? --- Ja, ek het, en die mense is vredeliewende mense.

U het ook gesê dat 95% van die inwoners van die lokasie is mense wat hulself goed gedra? --- Ja.

Ek stem saam met u dat al die persone wat genoem word "Africans", is mense wat baie eenheid is? --- Ek verstaan nie die vraag nie.

Ek stem saam met u dat al die mense wat genoem word die "Africans", is mense wat vredeliewend is? --- Ek het reeds gesê dat hulle is vredeliewende persone.

Is ek ingesluit in die persone wat u alreeds gesê het, die 95%? --- Ek hoop so Edelagbare!

In die 95% is daar ook mense wat vanaf Basoetoeland kom, asook van die ander naturelle gebiede? --- Ja, ons het baie goeies van Basoetoeland en ander gebiede.

Daar is ook persone wat besighede dryf daar, soos winkeliers, asook ander persone wat alreeds vir 20 jaar besighede het in die lokasie? --- Sharpeville Bantoedorp is in 1942 begin, en daar kan nie mense al vir 20 jaar in die lokasie wees nie.

Dit wil sê in die Vereeniging distrik in die alta

algemeen/....

algemeen, is daar persone wat alreeds vir 20 jaar in besigheid is? --- Edelagbare, ek kan nie sê nie. Ek is nie Lokasie-superintendent van Vereeniging distrik nie.

Toe u daar by die kantoor gekom het as Superintenden om oor te neem, was u toe getoon die rekords of die verslae van die inwoners, voordat hulle daar gegaan het, d.w.s. terwyl hulle nog daar by die "top" lokasie gewoon?het? --- Ek volg gladnie die vraag nie Edelagbare.

Die vraag is voor u oorgeneem het as die Sharpeville Superintendent, was die rekords aan u getoon, die rekords van die inwoners, d.w.s. die vorige inwoners van die "top" lokasie, die ou lokasie? --- Edelagbare, voordat ek oorgeneem het by Sharpeville naturelledorp was ek die Lokasiesuperintendent van die ou lokasie, en dit was vanselfsprekend dat toe ek oorgeneem het, moes ek die rekords ook oorgeneem het van Sharpeville naturelledorp, maar dit was nie aan my getoon nie.

Dit wil sê al die inwoners wat voorheen daar by die lokasie gewoon het is nou na Sharpeville oorgeplaas? --- Nee, in Sharpeville naturelledorp is 644 huise toegeken aan die inwoners van die ou lokasie, en die res was oorgeskuif na die erf en diensskema, en die erf en diensskema is nie deel van Sharpeville naturelledorp nie. Ek is nie die Lokasiesuper-intendent van die erf en diensskema nie.

Stem u saam dat die persone wat nou daar inwoners is van Sharpeville, die persone wat voorheen daar by die ou lokasie gewoon het, behalwe die by die nuwe skema daar? Is dit so? --- Stem ek wat saam daaromtrent? Hulle is daar.

Dat behalwe die persone, die inwoners van die nuwe skema daar, die persone wat in die nuwe huise woon wat genoem word Sharpeville lokasie, dat hulle die ou inwoners van die ou lokasie is? --- Edelagbare, behalwe die erf en diensskema sluit al die geboue al die huise in in Sharpeville naturelledorp.

Ek/....

Ek stel dit aan u dat die persone, d.w.s. die jeugdiges van Sharpeville lokasie, toe hulle hier aangekom het was party van hulle nog baie jonk gewees? Hulle was nog kinders, en hulle het hier groot geword? --- Dit mag so wees.

Hulle het ook hier getrou? --- Dit is seker so ja.

Party van die families se kinders is ook getroud, ook by dieselfde plek en distrik, is dit so? --- Ja, dit is seker so Edelagbare.

Dit verbaas my dat party van die inwoners van Sharepeville lokasie- hulle is inwoners soos u hulle noem van die Sharpeville lokasie - maar u stuur party van hulle weg na hulle oorspronklike distrikte? Waarom doen u dit? --- Ek, as Lokasiesuperintendent, het tot vandag toe nog niemand weggestuur nie.

Ek stel dit aan u dat daar is klagtes daar in die lokasie, asook deur party van die winkeliers, dat u stuur hulle weer na hulle oorspronklike distrikte, maar hulle het geen tuistes daar nie, en hulle wonder waarom u dit doen? --- Ek het uitdruklik aan die getuie gesê dat ek nie die Lokasiesuperintendent van die erf en diensskema is nie, en in my dienstyd daar was daar geen winkelier van Sharpeville weggestuur nie.

Is dit nie juis dat in die Sharpeville lokasie is daar persone wat uit werk is as gevolg van T.B. siekte? ~~nie?~~ --- Daar is baie gevalle in Sharpeville naturelledorp waar die broodwinners tuberkulose opdoen. Die Stadsraad geen die huise gratis aan die familie waar die broodwinner tuberkulose opgedoen het. Daar is ook 'n tuberkulose-hospitaal in Sharpeville naturelledorp, waar die T.B. pasiënte gratis behandeling ontvang.

Nadat die T.B. pasiënte genees is van die kwaal, wat doen u as die persone nie werk kan kry nie? ~~Ek~~ praat nou

van/....

van die huurgeld? --- Edelagbare, dit is die Arbeids-buro se afdeling, se verantwoordelikheid om hom in diens te plaas, maar ek het verskeie pasiënte deur die tuberkulose-suster, Suster Dyke, geplaas by die fabrieke. Ook in die munisipale diens in my eie kantoor is mense wat tuberkulose gehad het en wat nou ligte werk doen.

Ek stel dit aan u dat u getuienis is nie korrek nie. U doen dit, d.w.s. naturelle wat nie Unie-naturelle is nie, stuur u na vanwaar hulle gekom het, en gee dan die huise aan die ander persone wat nog in staat is om vir hulself te werk? --- Ek stuur hulle nie weg nie. Dit is nie my skuld as 'n Bantoe ingevolge Artikel 12 nie 'n permit uitgeneem het voor die genoemde tyd nie. Artikel 12 permitte, dit is vir die Basoetoeland naturelle, waarna hy verwys, en dit word deur die Bantoekommissaris uitgereik, en as 'n persoon nalaat om die permit uit te neem pleeg hy 'n oortreding en dit is vir die beslissing van die Bantoekommissaris van die gebied.

Ek stel dit aan u dat u gesê het u het niks te doen met die erf en dienskema nie? Ek stel dit egter aan u dat daar is informasie dat u sê vir die winkeliers daar in die erf en dienskema wat daar is, dat hulle moet die winkels toesluit en weggaan na hulle huise? --- Dit is belaglik.

Ek stel dit aan u dat as u kennis dra van aardrykskunde, sal u vind dat op die kaart van Afrika Basoetoeland nog onder die Unie se grond is? Is dit so? --- Basoetoeland was nog nooit onder die Unie van Suid-Afrika nie, dit is 'n Britse Protekteraat, en hy is verkeerd.

Is Basoetoeland nie deel van Afrika nie? --- Hy is deel van Afrika maar nie 'n protekteraat van die Unie van Suid-Afrika nie.

U het alreeds vir die Hof gesê in u hoofgetuienis

dat/....

dat daar is 'n groot biersaal daar, en u het dit genoem die bierbrouery, asook die klein depots daar, waar die mense kan drink tot tevredenheid? ---Dit is so.

U het ook gesê dat die inwoners van Sharpeville tevrede is vir die afgelope vyf tot ses jaar om die biersale daar te hê? --- As hulle nie tevrede was sou die brouery se inkomste nie in tien jaar se tyd vanaf £2,000 na £13,000 per maand toegeneem het nie, en tot vandag toe was daar nog nooit besware gemaak by die munisipaliteit teen die bierbrouery in Sharpeville naturelledorp nie.

Maar dit verbaas my omdat vir die afgelope vyf of ses jaar is die inwoners van die Sharpeville lokasie daagliks gearresteer vir die bier wat hulle self brou daar by die huise waar hulle woon? --- Daar word arrestasies uitgevoer vir die besit van onwettige drank, d.i. ingevolge die Regulasies en die Wette.

DEUR DIE HOF:

Mag hulle nie hulle eie bier dan tuis brou nie? --- Hulle mag nie; daar is geen tuisbrouery in Sharpeville naturelledorp nie.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:

Omdat u die persone arresteer wat tuisbrouery doen, is dit dan nie 'n klagte nie? --- Nee, ek arresteer hulle ook nie. Dit word deur die inspektoraat gedoen, en dit is nie ek wat die Wette of die Regulasies gemaak het nie.

Ek verstaan dat in die 95% van die mense wat hulle goed gedra, is daar mense wat ook kole verkoop en wat ook voertuie besit? --- Ja.

Was daar nie moeilikheid tussen u en die mense wat die besigheid dryf in verband met die bouery van hulle stalle asook die hoë huurgeld? ---Edelagbare nee, daar was geen hoë huurgeld gehef vir stalle nie. Daar bestaan op die oomblik

geen/....

geen stalle nie. Daar was beswaar gemaak teen die aanbou van stalle. Die saak was terugverwys na die Stadsraad, in samesprekings met die Departement; die inwoners se klagtes word nog ondersoek.

Dit verbaas my as u sê dat die mense van Sharpeville gedra hulself goed, en dat daar 'n persoon is wat geen klagtes het nie? --- Die koleverkopers het hulle self baie goed gedra, maar hulle het my en die Adviesraad en lede van die Stadsraad genader met hulle klagte, en hulle klagte geniet aandag.

U het ook vir die Hof gesê in u hoofgetuienis dat die bou van die vertrekke daar in Sharpeville goed is? --- Die bouery van die vertrekke?

Van die huise? --- Ja, vir die pryse is hulle redelik goed.

Ek stel dit aan u dat die meeste van die huise waarna u verwys, die mure daar is stukkend? --- Edelagbare, dit is nie alleen 'n klagte in Sharpeville naturelledorp nie. Die hele Vereeniging op die walle van die Vaalrivier is op turfgrond gebou, en ons ondervind dieselfde moeilikheid in die blanke gebied. Ek kry dikwels klagtes oor mure wat gekraak is, en ons rapporteer dit en dit word reggemaak.

Is dit nie juis dat die meeste van die huise wat se mure gebars is, is die huise waarvoor die inwoners elke maand £2.16.0. betaal nie? --- Sharpeville Bantoedorp bestaan uit verskeie bouskemas. Die eerste skema was in 1942 aangeneem, in die goedkooptyd. Die huise was gebou op 'n lening van die Nasionale Behuisingskommissie. Die huise was gebou toe bou-arbeiders £3 per week gekry het, en die huur van daardie huise is nou £1.9.0. per maand. Dit was 'n sub-ekonomiese skema. Daarna was 'n skema gebou met badkamers en die huur was £1.10.0. per maand. Dit was ook 'n sub-ekonomiese skema. Die volgende lening wat die Stadsraad aangevra het was goedgekeur

as/....

as 'n ekonomiese skema, omdat daar nie meer sub-ekonomiese skemas goedgekeur word nie, en uit die ekonomiese skema was daar 644 huise gebou in Sharpeville naturelledorp teen 'n maandelikse huur van £2.16.0. per maand, en dit is ook die duurste huise in Sharpeville naturelledorp, omrede dit ekonomiese huise is.     Alle behuisingsskema in die lokasies word gefinansier deur die Staat.     Die huise word gebou op 'n lening van die Staat deur die munisipaliteit, en die Staat skryf voor en keur ook die lening en die tipe van huise goed wat gebou moet word.

My ondervinding is dat die mense wat onder die nuwe skema val, d.w.s. die £2.16.0., nie tevrede is omdat die huurgeld hoog is nie? --- Hulle het nie gekla nie, maar ek vind elke einde van die maand dat hulle dit moeiliker vind om die £2.16.0. te betaal as die £1.10.0.     As gevolg van 'n aansoek van die Bantoe-Adviesraad van Sharpeville naturelledorp was daar reeds samesprekings gevoer met die munisipale Stadsraad, en dit word reeds oorweeg deur die Departement om al die behuisingsskemas in Sharpevillenaturelledorp om te skep in een skema, in 'n poging om die huise, d.i. die £2.16.0. huise, goedkoper te maak.  Dan sal die £1.10.0. huise miskien 'n bietjie duurder wees, en die £2.16.0. goedkoper.

Ek stel dit aan u kortliks dat die rooisteen gedeelte, die sub-ekonomiese skema wat £1.8.0. kos of £1.10.0., daardie mure bars meer as die wat onder die ekonomiese skema val? --- Dit mag so wees, maar soos ek reeds gesê het elke aansoek wat deur die Staat goedgekeur word, word voorgeskryf dat alleenlik soveel huise teen daardie prys kan gebou word uit elke lening.   Dit is nie die Stadsraad wat die huur vasstel nie, dit word deur die Departement gedoen wanneer die lening toegestaan word.

<u>DEUR DIE HOF</u>:     Deur watter departement? --- Die Departement

van/....

van Banteesake. Dit word ook so in die Regulasies omskryf, en die Stadsraad kan nie die huur verhoog of verlaag nie.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:

Bedoel u as u vir die Hof sê dat u het geen klagtes ontvang nie, dat daar geen inwoners na u gekom het om te kom kla dat die mure bars nie, asook dat die huurgeld baie hoog is nie? --- Ek het reeds gesê dat ek ontvang wel klagtes dat die mure bars.

Ek stel dit aan u dat in die huise van die sub-ekonomiese skema, is daar twee families in een huis? --- Nee, dit is in die ekonomiese skema en nie in die sub-ekonomiese skema nie. Daar is wel enkele loseerders in die sub-ekonomiese skema, en die doel van die Stadsraad om twee klein families in 'n ekonomiese huis te sit is om hulle te help om die huur makliker te betaal.

Maar nogtans behalwe die huurgeld wat die inwoners moet betaal in die ekonomiese skema, is daar nog 'n ekstra 2/- wat moet betaal word? --- Nee, behalwe ek het genoem dat die goedkoopste huise is £1.9.0. By die £1.9.0. is 1/6d. skoolfonds ingesluit. Die eintlike huur vir die huis is £1.7.6., maar volgens Regulasies moet daar 1/6d. skoolheffing gehef word op elke huis. Daar is op die oomblik ek dink 9 skole in Sharpeville ~~naturelledorp~~ wat onderhou word uit hierdie 1/6d. per huis skoolheffing. Dit is omrede die Bantoekinders gratis skool bywoon in ~~Sharpeville~~ Sharpeville naturelledorp.

Dit wil sê die 1/6d. is algemene geld wat moet betaal word deur elke inwoners van die lokasie, en nie net in die sub-ekonomiese skema nie? --- Nie elke persoon betaal 1/6d. nie. Alleen op een huis..... daar word 1/6d. alleen op een huis gehef, en dit word op elke huis in Sharpeville naturelledorp gehef.

Hoeveel huise is daar altesaam in Sharpeville? ---

Onder/....

Onder die skemas is daar 4,186 huise in Sharpeville naturelledorp.

En altesaam met die skoolfonds hoeveel is dit per maand? --- Dit beloop ongeveer tussen £300 en £400 per maand. Dit hang af hoe die mense betaal.

**HOF VERDAAG.**

**HOF HERVAT:**

**BY THE PUBLIC PROSECUTOR:**

Before further cross-examination is directed Your Worship will recall that at an earlier date in the trial one of my witnesses was warned to leave the Court. I received complaints from the accused persons that he persists in standing just behind the wall. He is present now.

**BY THE COURT: TO THE WITNESS:**

Now, I remember speaking to you previously. I am now ordering you - do you understand - to leave the Court room and to wait outside it, not in such a position that I have any complaints from anybody. In other words, away from the Court room, and in the position where you cannot hear what is being said. Now, if I have further trouble from you I might have to use the powers which I have when a person commits contempt, but I don't want to use these powers.

---

**MACHIEL ANDRIES LABUSCHAGNE**, onder sy vorige eed, vervolg:

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:**

U het alreeds vir die Hof gesê dat in Februariemaand hierdie jaar, 1960, toe het u daar in 'n huis gekom en daar was agt persone daar? --- Ja.

Die/....

Die persone was in die voorkamer gewees? --- Ja.

Toe u daar gekom het wat was ons besig om te doen? --- Hulle het om 'n tafel gesit.

Het ons gepraat? --- Hulle het stilgebly toe ek inkom.

U het ook vir die Hof vertel dat u het pamflette daar op die tafel gekry? --- Ek het.

En u het een van die pamflette aan Sy Edelagbare getoon? --- Ek het een uitgeken ja.

Ek wil asseblief na die bewysstuk verwys.

BY THE PUBLIC PROSECUTOR:

It is Exhibit No. 6 Your Worship, "Alerting a Nation".

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:

Ek stel dit aan u dat die bewysstuk 6 was aan ons gegee almal, d.w.s. al die inwoners in die lokasie, voor Saterdag of Sondag as ek goed onthou, dit was voor die dag van die voorval? Is dit so? --- Ek weet nie wanneer die bewysstuk uitgegee was nie, maar daar was 'n woortgelyke pamflet op die tafel.

Ek stel dit aan u dat in daardie voorkamer, d.w.s. die sitkamer, was daar vier persone daar? Is dit so? --- Toe ons ingekom het was daar agt. Beskuldigde nr. 39, Ramodibe, is een wat eerste opgestaan het, na die kombuis gegaan het, en aan 'n tafel gaan sit het en begin het om te eet. Toe ek inkom het hulle dadelik opgestaan.

Ek stel dit aan u dat behalwe die vier persone wat daar voor gewees het, het drie in die ander kamer gesit en ek was in die kombuis gewees? --- Nee, hulle was om die tafel in die voorkamer, maar na ek ingegaan het het daar nog verskeie persone in die huis ingekom.

Daar/....

Daar in my huis het u my toe geroep? --- Ja.

En u het my gevra of dit my huis is? --- Ja.

Toe u daar ingekom het het u beslag gelê op al my beeke? Is dit so? --- Ek het gekyk na die boeke en na die pamflette.

Ek stel dit aan u dat u het beslag gelê op die volgende boeke:- "The Tempest" en "The War of .........."? --- Ek weet nie daarvan nie Edelagbare.

DEUR DIE HOF:

U het nie beslag gelê op boeke nie? --- Nee, nie daar nie.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:

Asook die ander boeke, klein boekies? --- Nee, ek kan nie onthou nie.

Ek sal die vrae weer herhaal wat u my gevra het destyds in my huis toe ons daar gewees het. Ek sal dit doen omdat u het geweier om die vrae destyds te antwoord. Sal u nou dit doen?

DEUR DIE HOF: AAN BESKULDIGDE NR. 4:

Vrae wat jy gestel het? --- Vrae wat ek gestel het aan die getuie.

Ja goed, gaan maar aan.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:

Die vrae sal ook bewys dat u het beslag gelê op die boeke, asook die ander paste van die mense wat u daar aangetref het? --- Ek het die mense daar gevra vir hulle bewysboekies. Ek het hulle met hulle bewysboekies na my kantoor gebring. Die beskuldigde het nie daar vrae aan my gevra nie.

Hier is nou die vrae wat ek u destyds gevra het. Is dit nie waar dat ek het u gevra of u 'n owerheidsbrief het om beslag te lê op my boeke nie? --- Nee, hy het my een vraag gevra/....

Dit/......

gevra - dit val my nou by - of ek 'n lasbrief het om in sy huis te kom.

Ek ontken dit, ek het u nie so gevra nie? --- Dit was die vraag wat hy aan my gevra het.

Het ek nie vir u gevra dat omdat u die boeke neem, u my 'n brief moet gee om te bewys dat u het my boeke geneem nie? --- Nee, die versoek was nie aan my gerig nie, omrede ek dit nie gedoen het nie.

Ek stel dit aan u dat u het dit gedoen? Ek sal nie iets sê wat u nie gesê het voor die Hof nie? --- Hy het my nie gevra vir 'n kwitansie nie.

Is dit ook nie waar dat ek het u gevra waarom het u in my huis gekom op 'n Sondag, omdat al die blanke persone af diens is nie? --- Dit is nie dat die blankes in die lokasie af diens is nie; daar is oor elke naweek 'n Lokasiesuperintendent, met twee blanke Inspekteurs, op diens die hele naweek.

**DEUR DIE HOF:**

Ja maar het hy jou gevra waarom kom jy op 'n Sondag na sy huis toe? --- Nee Edelagbare, hy het nie.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:**

Die volgende vraag was waarom vra u die persone vir hulle bewysboekies, omdat daar is Suid-Afrikaanse Polisie wat die werk kan doen? --- Die vraag was nie aan my gevra nie. Daar was geen bespreking in sy huis nie.

Ek het u ook verder gevra of as u 'n konstabel is het u die reg om in my huis te kom en vir die bewysboekies te vra by my besoekers daar in die huis? --- Hy het aan my gevra of ek 'n lasbrief het om in sy huis te kom, en as Lokasiesuperintendent is ek 'n gemagtigde beampte en ek kan enige perseel of huis binnegaan.

Ek stel dit aan u dat ek het u nie sulke vrae gevra nie? Ek het u die vrae gevra wat ek netnou aan u gestel het?

Dit/...

--- Dit is nie so nie.

Ek dink toe u daar by my gekom het was dit op die 21ste van Februariemaand 1960? --- Ek kan nie die datum onthou nie.

DEUR DIE HOF:

Maar kan dit die datum wees? --- Dit kan wees Edelagbare.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:

Ek verwys noumma bladsy 4 van die besonderhede van die klagstaat, paragraaf 16, 16(b). Die besonderhede sê dat ek staan hier aangekla dat op die 21ste het ek na 'n vergaderin gegaan, of ek was by 'n vergadering gewees. Nou stel ek dit aan u dat op die 21ste van Februariemaand, 1960, u sê dat u daar by my huis gekom het en beslag gelê het op die boeke, en ook die bewysboeke van die persone geneem het? --- Ek het die Bantoes se bewysboeke geneem, maar ons is saam terug na die kantoor, en later op dieselfde aand het ek die beskuldigde teruggeneem en het ek een notuleboek van die tafel geneem en aan Speurdersersant Wessels oorhandig, maar dit was nie daar geneem by die ander nie.

Ek stel dit aan u dat u het met my boeke die eerste slag daar geneem? Ons was nie weer op 'n tweede tydstip na my huis toe nie? --- Ek is weer terug nadat ek die pamflet deurgelees het.

Ek is baie jammer omdat toe u in hierdie getuiebank gestap het u gesweer dat u sal met die waarheid praat, maar ek is baie jammer u praat nie die waarheid nie. --- Ek praat die waarheid.

U het alreeds vir die Hof gesê dat toe ons daar by u kantoor gekom het het u my in die kantoor laat inkom? --- Ja.

En die ander persone moes daar buitekant gewag het? --- Ja

Het/....

Het u nie die sewe persone binnegelaat nie? --- Edelagbare, ek het hulle elkeen gespreek. Eers die groep saam, die ander toe laat uitgaan, en toe die beskuldigde gespreek. Ek het nie die pamflet met die ander bespreek of voor hulle nie.

Is dit nie juis dat u het hulle bewysboeke geneem toe u daar by my huis gewees het, en waarom het u toe nie besprekings gehad met hulle in verband met die pamflette wat u geneem het nie? --- Ek het nie die pamflette met hulle bespreek nie, omdat ek vasgestel het dat hulle nie daar woon nie.

U het vir die Hof vertel dat vyf van die agt persone inwoners van Sharpeville is, en drie nie? --- Ja.

Hoe het u dan geweet as u nie hulle bewysboekies deurgekyk het nie? Hoe het u geweet dat vyf inwoners is van Sharpeville naturelledorp en drie nie? --- Voor in die bewysboekie van elke Bantoe wat in Sharpeville naturelledorp woon is 'n endossement "Registered occupier of stand No. so and so", „Geregistreerde huurder van standplaas nr. so en so".

Ek stel dit aan u dat u het die persone arresteer en hulle gesê dat hulle geen toestemming of permit gehad het om daar in die lokasie te wees nie, en hulle het hulself nie daar by die kantoor aangemeld nie? --- Volgens die Regulasies, elke persoon wat van buite inkom moet 'n permit kry, m.a.w. toestemming om in die lokasie te kom, en die persone was sonder toestemming. Hulle was ook aangekla en vervolg.

Daar was ook persone wat werkloos was, en wat moes toestemming gekry het, en was hulle ook arresteer? --- Daar was twee persone aangekla omdat hulle nie by die Arbeidsburo gerapporteer het nie.

Was/....

Was hulle toe arresteer? --- Ja, by die kantoor het ek vir hulle gesê dat hulle sal vervolg word.

Verstaan ek u nou dat elke persoon wat in u kantoor gekom het, het u toe almal arresteer? --- Nee, daar was 'n paar aangekla omdat hulle die lokasie binnegekom het sonder toestemming, en twee was aangekla omdat hulle nie by die Arbeidsburo in tyd gerapporteer het nie.

Weet u dat nadat u my in die kantoor ingeneem het het u my gesê dat ek moet niks te doen hê nie met die P.A.C.? --- Ek het die pamflet met hom bespreek, en ek het hom ook gewaarsku en gesê as hy nie gelukkig en tevrede is in Sharpeville naturelledorp nie, moet hy sy goed oppak en trek, en hy moet nie die inwoners onnodig in moeilikheid kry nie.

Ek stel dit aan u dat u het nie die pamflet met my bespreek nie, nadat u beslag gelê het op die boeke wat u daar in my huis gekry het? --- Ek het nadat ek hom alleen teruggeroep het die pamflet met hom bespreek.

Ek stel dit aan u dat u het my gesê dat ek moet my keuse doen tussen die twee dinge, d.w.s. as ek nie uittree uit die P.A.C. nie dan moet ek my goed oppak en wegtrek vanaf Sharpeville, anders sal u my na Lebale stuur? --- Nee, ek het aan hom gesê as hy nie sy bedrywighede staak nie, en hy nie tevrede is in Sharpeville naturelledorp nie, moet hy sy goed oppak en trek.

Kan u net een ding sê wat gemaak het dat u nie tevrede is met my daar in Sharpeville dorp nie? --- Ek kan niks teen hom sê nie ~~Edelagbare~~, behalwe soos wat ek reeds in my getuienis gesê het.

**HOF VERDAAG.**

**HOF HERVAT:**

**MACHIEL ANDRIES LABUSCHAGNE**, onder sy vorige eed, vervolg:

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:**

Ek stel dit aan u dat nadat ek u vertel het dat ek maar 'n lid sal bly van die P.A.C. het u my eenkeer geslaan op my gesig met u plathand? --- Nee.

U het my tweekeer geklap? --- Hy sê eers een, en dan weer twee. Ek het hom nie geklap nie.

U het my tweekeer met u plathand geslaan op dieselfde regterwang? --- Nee Edelagbare. Die beskuldigde het eers gesê een op die een wang, en toe weer een op die ander wang. Ek het hom nie geklap nie.

Naby daardie oop stuk grond het u vir die Hof gesê u het my tussen die 500 of 400 persone gesien, en ek was ook daar gewees? --- Ek het nie gesê tussen nie. Toe Kaptein Cawood aankom het hy gevra wie die leier was, en beskuldigde het self na vore gekom, tot voor Kaptein Cawood.

Ek stel die vraag weer aan u. U het vir die Hof gesê dat toe u daar aangekom het, het u my gesien staan tussen daardie 400 mense. Is dit so? --- Ek het nie gesê ek het hom gesien staan tussen hulle nie, maar hy het uit die skare uit na vore gekom toe Kaptein Cawood vra wie is die leier.

Het daardie mense kieries gedra? --- Ja, sommige het.

Het ek een gehad? --- Hy het geen kierie gehad nie.

Wat het u toe gedink, waarheen gaan die mense met die kieries? --- Ek het nie geweet waar hulle heen gaan nie.

U het vir die Hof gesê dat ek het vir Kaptein Cawood gesê dat ek hou die vergadering daar? --- Kaptein Cawood het gevra „Wat doen julle?" en die beskuldigde het gesê „Dit is 'n "meeting"/....

"Meeting".

As ek so gesê het sees u nou beweer, het u op enige vorige geleentheid gesien dat vergaderings daar op die oop stuk grond gehou is in die donker? --- Nog nooit het ek gesien dat daar 'n vergadering gehou word op daardie perseel in die donker nie.

Nou, hoe kon ek dan gesê het dat ek hou 'n vergadering daar? --- Ek weet nie, dit is wat hy gesê het.

Ek stel dit aan u dat op die plek waar ek gewees het het u daar aangekom met ander persone? Julle het my toe gevra wat soek die mense daar? Is dit nie so nie? --- Nee, Kaptein Cawood het gevra wat hulle doen.

U het gesê in u hoofgetuienis dat daar by die Polisiestasie kon twee karre nie daar inkom nie, omdat daar baie mense daar gewees het? ---Ek het ja.

Daar by die Polisiestasie op die tydstip, waar was ek gewees? --- Ek kan nie sê of hy toe reeds binne of buite die draad was nie, maar ek dink die beskuldigde was naby die hek.

Dit wil sê die groot hek waar karre inry? --- Ja, ons praat van die groot hek.

Ek wil weet op die tydstip, die Polisie waarna u verwys het wat daar wou gehelp het, waar was hulle op die tyd? ---Daar was van die Polisie aan die binnekant voor die hek, en daar was ook Polisie aan die agterkant van die Bantoes, agter die voertuie wat wou inkom.

En die Polisie wat binne in die Polisiekamp gewees het, wat was hulle besig om te doen? --- Hulle het probeer om die mense by die hek terug te stoot.

Ek stel dit aan u dat terwyl ek daar by die hek gewees het, en toe karre daar wou inry, geen mense daar in die karre se pad gestaan het nie? Hulle het padgegee? ---

Die/....

Die karre het eers probeer inkom, toe gaan staan, en toe het van die lede gehelp om 'n pad oop te maak.

Ek stel dit aan u dat terwyl ek daar by die hek gewees het, en toe die karre en die "Saracens" daar gekom het, het die mense padgegee vir die voertuie om daar in te gaan? Hulle het na u geluister toe u hulle gevra het om daar pad te gee? --- Daar het seker voor ek daar gekom het ook voertuie ingekom,

**DEUR DIE HOF:**

Maar het die mense self probeer padgee? --- Nie daardie keer toe daardie kar ingekom het nie.

Maar kon hulle padgee of was die mensdromming te groot? --- Hulle kon nie daar padgee nie, hulle was te veel gedruk van agter.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:**

Hoe was hulle van agter gedruk gewees? --- Die mense was 'n groot skare saam. Die voorste ry was amper op be-op die draad, met baie mense agter hulle en weer baie agter daardie.

Maar dit verbaas my dat u nie weet waar ek eintlik gestaan het nie, maar u was nogtans in staat om te sien waar die ander mense gestaan het ? U sê vir die Hof dat u nie seker is waar ek gestaan het nie, maar ek was net in die omgewing van die hek daar gewees? --- Ek het reeds in my getuienis gesê dat die beskuldigde het op en af langs die draad beweeg aan die binnekant.

**DEUR DIE HOF:**

Op die Polisiegrense? ---Hulle was reeds op die Polisiegrense, en op daardie oomblik kan ek nie met sekerheid sê waar die beskuldigde was nie, maar ek dink hy was ook by die hek.

Kruisverhoor/....

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 VERVOLG:**

U het reeds vir die Hof gesê dat die vroumense het 'n sekere geluid gemaak daar? --- Ja.

En die geluid wat hulle gemaak het, dit wil voorgee asof dit 'n geluid was van 'n geveg? --- Die kreet wat die Basoetoevrouens maak is 'n kreet wanneer hulle kwaad is of baie bly is.

Die tydstip toe hulle daardie geluid gemaak het was hulle bly gewees? --- Nee, dit het gelyk of hulle kwaad was.

Ek stel dit aan u dat die geluid wat die vroumense daar gemaak het, maak hulle ook op ander geleenthede as hulle bly is, d.i. by sekere partytjies of soiets? --- Dit is korrek. Laas Sondagmôre het ek die opening van die Katolieke kerk bygewoon en die vrouens het dieselfde geluid gemaak. Hulle was daar baie bly.

Asook by die plekke waar hulle trou? --- Ja.

Ek wil nou ook sêdat die mense wat die geluid daar gemaak het was bly gewees, omdat hulle maak die geluid as hulle bly is? --- Hulle was nie daar bly gewees nie.

Geen verdere vrae nie.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8:**

Is u die Superintendent van Sharpeville naturelledorp?

**DEUR DIE HOF:**

Sê aan die beskuldigdes ek word al 'n bietjie moeg om daardie vraag te hoor. Die getuie het dit seker al tienkeer gesê. Moenie my tyd verspil met onnodige vrae nie.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Edelagbare, ek het sekere redes om die vraag te vra.

**DEUR DIE HOF:**

Gaan maar aan.

**DEUR DIE GETUIE:**

Ek is Edelagbare.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Sal u dan u pligte noem as die Superintendent van Sharpevilledorp? --- Edelagbare, as 'n Lokasiesuperintendent het jy vreeslike baie pligte. Jou pligte en verantwoordelikhede word ook deur die Wet omskryf.

En in u pligte word dit gesê dat u geregtig is om persone se huise te deursoek? --- Ja, as gemagtigde beampte is dit deel van my werk om te sien dat vrede en orde bewaar word, en dat die Wette en Regulasies te alle tye uitgevoer word.

Kan u nou die pligte van die Spesiale Tak van die speurdiens gee? ---Ek kan dit nie doen nie.

Ek sal sê waarom vra ek u hierdie vraag. Op 'n sekere dag het u daar by my huis gekom om my huis te deursoek? --- Ek het nie sy huis deursoek nie.

**DEUR DIE HOF:**

Het u sy huis besoek? --- Ek het sy huis besoek die dag wat ek reeds genoem het saam met Inspekteur Muller.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Wat het dan gemaak dat u my huis besoek het? --- Ek het reeds in my getuienis gesê dat Inspekteur Muller en ek vir beskuldigde nr. 8 en Stefaans Leppe, d.i. 38, agter hulle aangery het. Inspekteur Muller het die beskuldigde gevra vir sy bewysboek. Hy het gesê dat sy bewysboek in sy huis is, huis nr. 8171. Ons het ingegaan en Inspekteur Muller het hom weer om sy bewysboekie gevra, en hy het gesê dat die boek is in sy huis, „Soek julle hom self".

U het nog nie my vraag beantwoord nie. Ek wil weet toe u daar in u kantoor gesit het, wat het gemaak dat u daar moet opstaan en na my huis toe gaan? --- Ek het nie spesiaal

na/....

na sy huis gegaan om sy huis te deursoek nie. Ons het in die straat opgery, die twee raakgery en gekyk wat hulle maak, en saam met hulle na die huis gegaan.

Toe u die twee van ons daar op die straat raakgery het, toe het u besluit om ons twee dop te hou? --- Ja, ek het reeds gesê dat persone in die straat die twee aan my uitgewys het.

Kan u die name gee van die persone wat die twee van ons uitgewys het, sodat ek hulle kan ken? --- Ek kan nie die name noem nie, want ek het nie geweet ek sal hier vandag getuienis lewer nie.

**DEUR DIE HOF:**

Bedoel u dat u dit nie aangeteken het nie? --- Ek het dit nie aangeteken nie Edelagbare.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Maar u het die name? --- Ek het dit nie aangeteken nie.

Ken u die twee persone of nie? --- Watter twee persone?

Die persone wat u die informasie gegee het? --- Die persone wat hulle twee in die straat uitgewys het ken ek nie.

Wat het die persone wat ons uitgewys het gesê aan u, wat het ons gedoen? --- Ons het by die busterminus stilgehou en gevra waar is die twee persone wat beweer word moeilikheid veroorsaak.

**DEUR DIE HOF:**

Ja, beantwoord maar sy vraag. Wat het die persone vir jou gesê, wat was die moeilikheid? ---Hulle het gesê „Dit is die twee persone wat ons dreig om aan te sluit by die P.A.C.".

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Op daardie tydstip, hoe het u toe dan onmiddellik

besluit/....

besluit dat u moet so navraag doen in verband met ons twee, omdat die tydstip toe u die kantoor verlaat het het u dit nie gedink nie? --- Daar was allerhande gerugte in die lokasie dat daar persone rondgaan wie mense dreig om aan te sluit, en ons het die hoofstraat patrolleer.

Moet ek dit dan so aanneem dat terwyl u daar gery het in die straat, het die informasie toe sommer in u ore ingeval? --- Nee, ek kan dit nie sê nie Edelagbare.

Maar ek sal dit so aan u stel. U wou nie die name noem van die persone wat u die informasie gegee het nie, en ook u wil nie sê waarom het u navraag gedoen daar by die bus-terminus nadat u die informasie gekry het nie? Nou wat moet ek nou aanneem tussen die twee, omdat u wil nie my vrae antwoord nie? --- Ek antwoord die vrae Edelagbare.

**DEUR DIE HOF:**

Sê vir die beskuldigde ek is tevrede dat hierdie getuie sy vrae beantwoord. Hy kan hulle weer stel en hy kan hom kruisvra, hy kan die vrae op baie maniere stel, maar ek is tevrede sover dat hy jou vrae beantwoord, en as hy dit nie doen nie dan sal ek dit vir hom sê.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Edelagbare, u sal my met verskoon. Ek wil myself tevrede stel Edelagbare.

**DEUR DIE HOF:**

Goed, gaan aan.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Ek stel dit aan u dat omdat u nie die name wou gee of noem van die persone wie u die informasie gegee het nie, asook om te vertel aan die Hof hoe dit gekom het dat u die inligting ontvang het?

**DEUR DIE HOF:**

Hy stel dit nou aan u mnr. Labuschagne dat u met

opset daardie name verswyg? --- Nee, dit is nie 'n kwessie van dat ek nie wil nie. Ek kan nie omrede ek dit nie aangeteken het nie.

En ook dat u vir hom nie heeltemal vertel het waarom u in die straat was nie? --- Soos ek sê as Lokasie-superintendent ry ek heeldag op en af en orals, en as ek een of ander klagte kry ondersoek ek die klagte.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Kan u die persone onthou wat die klagtes na u gebring het, d.w.s. die winkeliers? asook die ander persone, die onderwysers, d.i. in verband met die P.A.C.? --- Ek kan nie die name noem nie, maar ek was deur die Stadsraad versoek om die Bantoeskole te nader en om reëlings te tref vir die Uniefees. Ek het die onderwysers laat roep en ons het 'n vergadering gehad, en die onderwysers het gesê dat hulle bang is om deel te neem aan die Uniefees; hulle is bang omdat hulle gedreig word deur die P.A.C. in Sharpeville naturelledorp. As gevolg van die dreigemente kon die Uniefeesreëlings nie voortgaan nie.

Die onderwysers, het hulle gesê dat ons na hulle huise gegaan het en hulle daar gedreig het? --- Ek het nie uitgevra hoe hulle gedreig was nie, maar ek het hulle punt ingesien en nie daarop aangedring dat ons moes voortgaan nie.

Die onderwysers wat die klagtes na u gebring het, aan watter skool behoort hulle of is dit die.....

**DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:**

Ek sal beswaar maak Edelagbare teen enige inligting wat die identiteit van 'n beriggewer sou openbaar.

**DEUR DIE HOF : AAN BESKULDIGDE NR. 8:**

Maak aan die beskuldigde duidelik dat die identiteit van beriggewers hoef nie deur die Polisie openbaar te word nie, anders sal hulle nooit inligting inwin omtrent misdrywe nie.

Vir/....

Vir praktiese doeleindes is hierdie getuie 'n Polisie-beampte; inderdaad hy is 'n vredesbeampte, en die Aanklaer maak nou beswaar dat die identiteit van beriggewers openbaar word. Dit kan net in baie uitsonderlike gevalle plaasvind. Wil jy aangaan met daardie vraag? Wil jy die punt argumenteer, wat wil jy doen?

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:

Die dag toe u die informasie op die klagtes ontvang hêt, was u toe tevrede dat die P.A.C. die organisasie is wat die moeilikhede veroorsaak? --- Ek wou nie die Bantoe onderwysers in 'n moeilike posisie in Sharpeville naturelledorp plaas nie.

DEUR DIE HOF:

Ja maar ek dink die vraag is of u toe tevrede was dat die P.A.C. moeilikheid veroorsaak in die lokasie, na u daardie inligting ontvang het? --- Ek was tevrede en ek was bang soos ek sê Edelagbare, daarom het ek nie aangegaan met die reëlings nie.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDENR. 8 VERVOLG:

Kan u my miskien sekere inligting gee in verband met die Adviesraad, of kan u my die pligte noem van die Adviesraad? --- Ja, die pligte word omskryf deur die Regulasies, dat hulle moet optree as helpers tussen die inwoners en die Lokasiesuperintendent, en die Stadsraad. Hulle moet ook alle huishoudelike klagtes ondersoek, hulle moet ook aanbevelings na die Stadsraad maak vir verbeterings vir skole, beligting, paaie, mediese dienste, ensovoorts. Hulle moet ook die begroting van die Departement Bantoe-administrasie van die Stadsraad goedkeur, of afkeur, voordat dit na die Minister verwys word. Alle Wette en Regulasies rakende die inwoners moet eers voor die Komitee gelê word vir hulle kommentaar, voordat dit aangestuur word na die Minister. Dit is in kort

hulle/....

hulle pligte.

Nou wil ek weet van u, die pligte wat hulle nou doen, loop hulle saam met die politieke affêre of nie? --- Ek weet nie, dit is moeilik om te sê.

Ek stel dit aan u dat ek het 'n woordeboek daar. Die woorde soos dit in die woordeboek vertaal is, bedoel dat die Adviesraad deel neem in affêres wat saamgaan met die politieke affêres?

DEUR DIE HOF:

Ja dankie vir jou inligting. Het jy verdere vrae, d.i. kruisvrae?

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:

Ek sal dit so aan u stel. Ek weet nie waarom die P.A.C..... waarom die mense dit nie wil hê daar in die lokasie nie, dat daar so 'n organisasie moet wees nie? Kan u die redes verstrek waarom die mense dit nie wil hê nie, asook die organisasie?

DEUR DIE HOF:

Waarom die inwoners dit nie wil hê nie, of die amptenare?

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:

Ek sal dit so aan u stel. U het nou gesê dat die Stads-Adviesraad saam met u kantoor werk, asook saam met die Stadsraad. Nou wil ek van u weet waarom u of die Stadsraad nie die P.A.C. wil hê nie, maar hulle verkies die Adviesraad bo die P.A.C.? --- Dit is seker vanselfsprekend omdat daar voorsiening gemaak word vir die Bantoe Adviesraad in die Wet, en daar word geen voorsiening gemaak vir die P.A.C. in Sharpeville naturelle-dorp nie.

Ek sal die vraag aan u stel, maar as ek die vraag alreeds gestel het aan u dan moet u my verskoon. Is dit juis, of u het dit alreeds ontken dat u het in my huis gekom en my

klerekas/....

klerekas deursoek? --- Edelagbare, ek het reeds gesê dat ons in sy huis gegaan het. Hy was gevra vir sy bewysboekie, en hy het gesê „Dit is in my huis, soek dit self". Daarna was hy deur die Inspekteur gevra „Maar waar is jou bewysboekie? Jy moet dit toon", en hy het gesê „In my baadjiesak in my hangkas". Ek het in sy baadjiesak gevoel vir sy bewysboek, maar dit was nie daar nie. Hy het dit op 'n ander plek uitgehaal.

Voor ons binne in die huis gegaan het, het u my toe voorgelei as 'n persoon wat nie sien nie? --- Ek verstaan nie wat bedoel „voorgelei" nie?

Het u voor my geloop of voor my gestap in die huis in, en eerste ingegaan?het? --- Nee, ek dink hy het voor my ingegaan. Dit is 'n gewoonte by ons dat hulle self voorgaan.

Was ek dan die eerste om in te gaan? --- Ek dink so, ek kan nie presies onthou wie voor gegaan het nie, maar ek dink hy het eerste ingegaan.

Waarom ontken u dan as ek dit aan u stel dat u het my hangkas deursoek? --- Ek het reeds gesê ek het nie die hangkas deursoek nie, ek het in sy baadjie gevoel of sy bewysboek daarin is.

Wat sal u dan sê as ek nou 'n getuie roep wat sal sê dat u het die hangkas deursoek? --- Edelagbare, ek het nie die hangkas deursoek nie, en al het ek ook die hangkas deursoek is daarmee nog niks verkeerd nie, maar ek het nie.

U het nog nie my vraag beantwoord nie?

DEUR DIE HOF:

Hy het.

DEUR BESKULDIGDE NR. 8:

Moet ek dan die getuie vra om op te staan Edelagbare?

DEUR DIE HOF:

Goed, vra hom om op te staan.

(Beskuldigde/

(Beskuldigde nr. 38 staan op in die Hof).

DEUR BESKULDIGDENR. 8:

Is u Edelagbare dan tevrede as ek sê die getuie het my huis deursoek?

DEUR DIE HOF:

Kyk hier, dit is nie vir jou om vir my hier vrae te vra nie. Ek sal eendag vrae beantwoord as ek moet uitspraak gee, maar nie nou nie. Het jy nog verdere kruisvrae om aan hierdie getuie te stel? Hy het jou laaste vraag beantwoord, maar jy kan dit weer stel as jy wil.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:

Ek stel dit aan u dat u het my hangkas deursoek? —— Ek het reeds dit ontken Edelagbare, tensy die beskuldigde bedoel die soek na sy boekie as deursoek.

Ek sal voortgaan met my kruisvrae, maar u Edelagbare moet weet dat ek nie tevrede is met die antwoord nie.

DEUR DIE HOF:

Ja, dit is reg. Jy kan maar tevrede wees of nie, en jy kan lateraan daarop kommentaar lewer as jy wil. Volle geleentheid sal vir jou gegee word om my toe te spreek op wat jy van die getuie se getuienis dink, en ek sal daarna luister.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:

U het alreeds vir die Hof gesê dat toe u daar by die busterminus aangekom het, het u toe informasie gekry dat ons mense gedreig het? —— Ja.

Nou, die ander deel van die vraag is, het u die nommers van die huise? Die informasie het beweer dat ons by die huise daar ingegaan het, en het u die nommers van daardie huise miskien? —— Nee, ek het dit nie aangeteken nie

Het/....

Het u die eienaars van die huise gevra en het hulle ook bevestig dat ons hulle gedreig het? --- Ek het nie met die persone in die huise gepraat nie.

Ek verstaan dat u het van beskuldigde nr. 3 die volgende name gekry, of beskuldigde nr. 3 het u die volgende name gegee: Mamake Mohane, Job Tsolo, Nkame Tsolo, Emmanuel Teketsi, en David Ramodibe. Is dit die enigste name van die lede van die Uitvoerende Komitee? --- Ek ken nie die volle Uitvoerende Komitee nie, maar die vyf name was deur beskuldigde nr. 3 aan my gegee in die kantoor; ek weet nie of daar nog is nie.

Kan u nou vir my vertel, toe die persoon die name aan u gegee het, het die persoon vir u voorgekom asof hy dronk was of nie? --- Nee, hy het my geblyk heeltemal nugter te wees.

Het die persoon uit sy eie toe die name aan u gegee? --- Ek het reeds gesê hy was heeltemal openlik met die bespreking.

U het vir die Hof gesê dat u het sekere vroumense teëgekom wat gehuil het en gesê het dat hulle mans weggeneem was? --- Ja, ek het.

Ek bevestig dit ook, en u het self gesê dat die vroumense het 'n klagte aan u gemaak? --- Hulle het aan Kaptein Cawood gerapporteer.

Waarom het u dan toe die verklaring bevestig deur die name van die persone aan te teken? --- Kaptein Cawood het die Banteegrouens gespreek. Ek het in die kar gesit, en ek het geen aantekeninge gemaak nie. Ek het daar gevoel dat dit 'n saak was vir die Suid-Afrikaanse Polisie, en aangesien Kaptein Cawood haastig opgetree het glo ek nie daar was tyd om elke persoon te vra vir sy naam nie. As ek geweet het dat ek vandag hier sou getuienis lewer, sou ek elke persoon se naam aangeteken het.

Maar/....

Maar ek verstaan nie wat u sê nie; omdat u die Superintendent is van Sharpevilledorp sou u die getuienis dan so neergeskrywe het, sodat dit die ander getuienis wat u op 'n latere stadium sou indien kon bevestig? ---Edelagbare, op daardie stadium was daar nog geen sprake van getuienis wat sou gelewer of name wat sou ingehandig word nie, en waar die Polisie optree kan ek nie optree nie.

Ek sal dit aan u se verklaar. Nadat u die klagtes gekry het van die onderwysers, het u verdere stappe geneem. Ek wil nou weet waarom het u, nadat u die informasie ontvang het van die vroumense, nie verdere stappe geneem nie? Wat is die verskil tussen die twee? --- Dit is moeilik om te antwoord. Ek het in die eerste instansie met die onderwysers gevoel om hulle nie in 'n moeilike posisie te plaas nie het ons nie voortgegaan met die reëlings nie. In daardie geval, die oggend saam met Kaptein Cawood, het die voertuig net stilgehou, hulle het 'n rapport aan Kaptein Cawood gemaak, en hy het onmiddellik laat omdraai en teruggaan in die rigting van die sportgronde. Daar was geen name geneem nie. In die geval met die onderwysers het ek opgetree, en in die ander geval was dit die Suid-Afrikaanse Polisie.

Ek wil nou van u weet waarom u dan op verskillende tye as ek my vrae aan u stel, hier bly sê dit was die Suid-Afrikaanse Polisie wat daar opgetree het? --- Omdat dit so was.

Ek wil nou weet waarom het Kaptein Cawood nie een van die nie-blanke sersante saamgeneem nie?

**DEUR DIE HOF:**

Jy kan dit vir Kaptein Cawood vra as hy eendag getuienis gee.

**DEUR DIE BESKULDIGDE NR. 8:**

Edelagbare, ek vra die vraag omdat die getuie nou sê dit was die Suid-Afrikaanse Polisie ......

Deur/....

**DEUR DIE HOF:**

Ja, maar hierdie getuie weet nie waarom 'n ander man iets doen of nie doen nie, en omdat daardie ander man seersekerlik getuienis sal aflê sal jy die geleentheid kry om hom te vra.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Waarom het u toe nie geweier om te help daar u niks te doen gehad het met die Suid-Afrikaanse Polisie nie? ---- Ek het reeds gesê dat ek was gevra deur Kaptein Cawood om hulle te vergesel omdat hy die lokasie nie ken nie, en ek kan nie weier wanneer ek deur die Polisie versoek word om hulle te help nie.

U het vir die Hof gesê in u hoofgetuienis dat 'n lid van die Polisiemag was beseer, d.w.s. nie ver vanaf die hoek van Seeiso- en Mohanoestrate nie? Ek wil nou weet van u hoe ver was die Konstabel van u gewees toe hy beseer is? ---- Dit was 'n hele endjie. Ek sal sê ongeveer 30 tree.

Ek wil nou weet toe die mense die Konstabel beseer het, was dit hulle bedoeling om net die betrokke Konstabel te beseer, of was hulle bedoeling algemeen gewees? ---- Dit is moeilik om te sê wat hulle bedoeling was. Die Konstabel het geval en ander het na hom gehardloop.

Sover as u gesien het, is dit nie miskien dat die Konstabel iets sleg gesê het vir die skare mense, of iets gedoen het of iets gehad het in sy houding wat getoon het dat dit sleg is? ---- Soos ek gesê het op daardie stadium was daar nie meer 'n groot skare saam nie. Die skare het na vore gehardloop en die Polisie het hulle gevolg. Hulle het omgedraai en teruggegooi en die man was raakgegooi.

U het alreeds gesê dat toe ek daar aangekom het, het ek saam met Majoor van Zyl gepraat? ---- Ja.

En u het die gesprek gehoor? ----Ek het 'n endjie agter Majoor van Zyl gestaan. Ek kom hoor dat die beskuldigde iets/....

iets van Sersant Francis sê, en iets van geroep by die Polisiestasie. Daarna het die Majoor omgedraai; ek kon nie die hele gesprek hoor nie.

Die tydstip toe ek daar gekom het, was ek alleen gewees of was daar 'n groepie agter my gewees wat my gevolg het? --- Daar was 'n groot groep Bantoes saam in die straat, en die beskuldigde het alleen na vore gekom.

U het ook reeds gesê dat die skare het uitgeroep en gesê „Afrika! Afrika!" Nou wil ek weet wat was u gevoelens gewees toe die skare so uitgeroep het, omdat iemand moet gevoelens hê as persone so uitroep? --- Ek het... ek kan nie sê enige gevoelens gehad of openbaar nie Edelagbare. Ek was net bekommerd oor die houding wat die skare ingeneem het.

Het ek die mense toe gekeer? --- Nee, hy het omgedraai en gesê "Come, come, let us march to the Police Station!".

Onthou u nog die tydstip toe die persone uitgeroep het „Afrika! Afrika!", dat daar twee Afrikanerseuns was wat my gevloek het? --- Ek het dit nie gesien nie.

Het u dit nie gehoor met u ore nie? --- Ek het ore, maar ek het dit nie gehoor nie.

Ek stel dit aan u dat u het met u aandag gevestig op die nie-blankes wat daar gewees het, maar u het nie u aandag gevestig op die persone wat my gevloek het nie? --- Soos ek reeds gesê het Majoor van Zyl was 'n endjie voor, die ander Polisie was agter, en ek was 'n paar tree agter Majoor van Zyl. Ek weet nie wat die blanke Polisie agter my rug aangevang of gedoen het nie. Ek kan dit nie ontken of erken nie, ek het dit nie gehoor nie.

Ek stel dit aan u dat toe die persoon my gevloek het, het ek aan die westekant van u gestaan soos u daar gestaan het, en die persoon het my gevloek en gesê ek is 'n stink

kaffer/....

[k]affer, 'n stink vark. U Edelagbare moet net die woorde [ann]oteer.

**[D]EUR DIE HOF:**

Kyk, jy hoef nie vir my te sê wat ek moet annoteer [n]ie hoor! Jy begin nou vermetel word. Dit is my verantwoorde[l]likheid wat ek hier aanteken, en elke woord wat hier gebesig [w]ord word op die masjien aangeteken.

**[D]EUR DIE GETUIE:**

Edelagbare, ek het nie die beskuldigde aan my [w]estekant gesien nie. Die eerste keer dat ek hom gesien het was toe hy uit die skare na Majoor van Zyl geloop het, en dit was aan die groot straat se kant.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDENR. 8 VERVOLG:**

Ek wil hê u moet nou so verklaar in verband met die baadjie. Ek het 'n baadjie wat genoem word "lumber jacket" aangehad? Ken u die baadjie nou voor die Hof? --- Die beskuldigde het daardie dag 'n soortgelyke baadjie aangehad as die baadjie nou voor die Hof, bewysstuk 9.

Die baadjie wat ek gedra het, het dit 'n kaartjie aan die lapel gehad? --- Hy het.

Dra u enige kennis hoe dit gekomhet dat die baadjie, bewysstuk 9, hier voor die Hof gekom het? --- Ek dra geen kennis daarvan nie.

Ek stel dit aan u dat ek het geen kaartjie gehad aan die lapel van my baadjie nie? --- Daardie dag daar het hy 'n kaartjie aan die baadjie gehad.

U het alreeds gesê dat u het my net daar voor die dam arresteer op 'n sekere tydstip? --- Ja, ek het hom daar gevind en teruggeneem na die Polisiestasie.

As ek dit aan u stel dat dit nie net voor die dam was waar u my gevind het en soontoe geneem het, sal u dit ontken? --- Dit was regoor die dam in 'n voetpad/ het ek reeds gesê.

Kan/....

Kan/...

Kan u nog onthou wat die eerste ding was wat u aan my gesê het toe u daar by my gekom het? --- Ek kan nie onthou nie. Hy het op die trapfiets gespring en weggery.

As u sê ek het op my trapfiets geklim en weggery, wie was dan die persoon wat op sy fiets gery het? --- Daar was verskeie ander persone wat tot by hom met die fiets gery het, met hom gepraat het, omgedraai het en teruggekom het na die lokasie.

Dit meen dat u ken nie die persone wat teruggery het nie? --- Nee.

Ek stel dit aan u dat toe u daar gekom het by die plek waar ek gewees het, het u my eenkeer geslaan met die gebalde vuis? --- Nee, ek het nie.

Ek stel dit aan u dat toe u my die hou geslaan het het my songlase gebreek? --- Die beskuldigde het songlase opgehad Edelagbare. Hy het op die fiets gespring en aangery met die voetpad. Ons het hom agtervolg en hy het omgekyk na die voertuig. Sy fiets het onder hom uitgegly en hy het vooroor geval. nn Ons het langs hom stilgehou en hy wou toe met ons baklei. Ek dink dit was twee blanke Inspekteurs en ek, en ons het hom agter in die voertuig gesit tesame met die fiets en hom teruggeneem na die Polisiestasie. Hy het toe die sonbril in sy hand gehad; die sonbril was beskadig, en daar was ook 'n merk bokant sy een oog.

Is dit dan die rede waarom u en die ander twee blankes my aangeval het, omdat ek wou geveg het? ---Hy wou baklei Edelagbare, en ons het hom vasgevat en agter in die voertuig gelaai.

En daar in die kantoor wou ek ook baklei en dit is daarom dat u my geboei het? --- Hy was in die kantoor geboei omdat hy lawaai en te kere gegaan het, en gesê het dat hy sy mond nie sal hounnie.

Kan/....

Kan u nou vir die Hof verduidelik watter lawaai het ek gemaak, en wat het ek eintlik gesê? --- Hy het daar geraas oor hoekom ons hom gaan haal en hoekom ons hom saambring, en wat hy gedoen het wat verkeerd is.

Wat was u antwoord daarop? --- Ek het vir hom gesê dat ons hom na die Polisiestasie sal neem en dat hy daar sal hoor.

Maar u het netnou vir die Hof gesê dat nadat u my daar arresteer het of gevang het, het u my direk na die Polisiestasie toe geneem? --- Ja, ons het om die pan, by die kantoor.... eers by die kantoor aangegaan, en van die kantoor na die Polisiestasie.

U het alreeds vir die Hof gesê in u hoofgetuienis dat twee skote gevuur was uit die rigting van die skare. Het u die werklike geweer gesien wat die skote gevuur het? --- Nee, ek het nie.

Ek sal vir u sê waarom stel ek die vraag aan u. Dit is omdat u het vir Sy Edelagbare gesê dat Kolonel Pienaar vir die lede van die Polisiemag wat Sten-gewere gehad het gesê om vyfkeer te laai? --- Nee, ek het gesê dat Kolonel Pienaar aan die manne met die .303 gewere instruksies gegee het om vyf rondtes te laai.

Ek het met wat u herhaal het bedoel, omdat ek is nie 'n deskundige in vuurwapens nie? --- Ja, dit is wat ek gesê het, wat ek nou reeds herhaal het.

Ek bedoel dat onmiddellik nadat die twee skote gevuur was uit die rigting van die skare, die lede van die Polisiemag wat die .303 gewere gehad het nie onmiddellik gevuur het nie? --- Dit het; onmiddellik na die skote en toe die klippe gegooi was het die lede van die Suid-Afrikaanse Polisie gevuur.

Op die tydstip toe die lede van die Polisiemag begin/....

begin vuur het, het u toe twee lede van die Polisiemag aan hulle skouers gegryp? --- Die twee wat reg voor my was ja.

Waar het u dan die reg gekry om die twee lede van die Polisiemag te gryp omdat hulle besig was om hulle werk te verrig? --- Ek het gesien dat die skare reeds omspring en weghardloop, en ek was bang dat daar nog skote verder gevuur sou word.

Op die tydstip was u nou bereid om te help, maar die tydstip toe die vroumense die klagtes aan Kaptein Cawood gebring het was u nie bereid om daar op te tree nie? --- Die toestand by die Polisiestasie het ek as ernstig beskou, in vergelyking met die ontmoeting met die Bantoevrouens.

Wat was u hulp dan werd omdat op 'n vorige geleentheid was u nie bereid om daardie hulp te gee nie? --- Daar het die Polisie opgetree, en daar was ek net bang dat verdere skote gevuur sou word.

Die tydstip toe mnr. More, beskuldigde nr. 4, u gevra het of daar nie inwoners of persone is wat uitgejaag is of weggejaag is daar by die lokasie nie, het u dit ontken dat dit nie so is nie? --- Ek jaag nie persone weg nie, maar as die persone die Regulasies nie nakom nie sal hulle uitgesit word.

Kan u nou vir my sê wat het More, beskuldigde nr. 4, ~~gemaak~~, wat sou gemaak het dat u hom daar uit die lokasie moet jaag? --- Beskuldigde nr. 4 Edelagbare?

Ja, beskuldigde nr. 4? --- Ek het beskuldigde nr. 4 nog nooit uit die lokasie gejaag nie. Hy woon ook nie in Sharpeville naturelledorp nie, hy woon in die erf en diensskema.

Nou kan ek dit nie verstaan waarom gee u sulke getuienis in verband met beskuldigde nr. 4, as beskuldigde nr. 4 nie 'n inwoner van Sharpeville is nie. Verstaan u die vraag?

Ek/....

---Ek verstaan nie wat hy juis bedoel nie Edelagbare. Bedoel die getuie omrede beskuldigde nr. 4......

**DEUR DIE HOF:**

U is gevra waarom u nr. 4 beskuldigde uit Sharpeville uitgesit het, en toe sê u „Ek het hom nie uit Sharpeville uitgesit nie. Hy woon nie in Sharpeville nie, hy woon in die erf en diensskema." U het my vertel u het niks met erf en diens te doen nie. Nou, as dit so is watter reg het jy dan gehad om vir hom te sê hy moet sy bedrywighede staak of hy sal uitgesit word? --- Edelagbare, oor naweke is die lokasie-superintendent van Sharpeville, as hy op diens is, ook op diens in erf en diens, en diensweek wanneer erf en diens se Superintendent op diens is, is hy ook werksaam in Sharpeville naturelledorp.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 8 VERVOLG:**

Gister het u vir Sy Edelagbare gesê dat beskuldigdes nrs. 3 en 4 was daar by die Polisiestasie arresteer? --- Ja, hulle was deur Kolonel Spengler ingeneem in die Polisiestasie. Ek weet nie of hy vir hulle gesê het hy arresteer hulle of nie.

Is dit nie beskuldigde nr. 4 wat u gevra het in sy kruisvrae omtrent waar het hy gestaan daar op die erf van die Polisiestasie nie, d.i. toe hy daar weggeneem is? --- Hy het gevra waar hy gestaan het toe die voertuie ingekom het. Ek het gesê dat hy op en af langs die draad beweeg het, en ek nie presies kan sê waar hy gestaan het nie.

Ek stel dit aan u dat sedert die tyd toe u in die getuiebank kom staan het, maak u so baie foute. Gister het u vir Sy Edelagbare gesê dat u het my by beskuldigde nr. 4, More, se huis gekry en arresteer, en daarna het u gesê u het 'n fout begaan. Waarom maak u so baie foute? --- Edelagbare, ek het die fout begaan. Dit het my bygeval en ek het dit reggestel en om verskoning gevra, en dit was al fout wat ek gemaak het.

Geen verdere vrae nie.

Kruisverhoor/....

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 38:**

Ek het gehoor dat u in u hoofgetuienis gesê het dat op die dag van die 18de Maart was daar bewysboekies wat gebrand was daar by die busterminus? --- Ja, ek het die bewysboekies gesien.

Op die dag van die 18de Maart, is dit dieselfde dag wat u my, beskuldigde nr. 38, asook beskuldigde nr. 8, arresteer het? --- Ek het die beskuldigde, en beskuldigde nr. 8, op die middag van die 18de Maart gesien, en die bewysboekies was op die aand van die 18de Maart verbrand.

Kan u nog die tyd onthou toe ons vanaf die kantoor na die Polisiestasie verwyder het? --- Ek was nie saam nie. Ek het hulle nie na die Polisiestasie verwyder nie. Hulle was in die kantoor, en van die kantoor is hulle deur 'n Inspekteur na die Polisiestasie geneem. Ek vermoed ongeveer vieruur, halfvyf.

**DEUR DIE HOF:**

Wanneer was dit? --- In die middag.

Van watter dag? --- Van die 18de.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 38 VERVOLG:**

Kan u nou sê wat was die bedoeling van die P.A.C., d.i. in verband met die bewysboekie? --- Ek kan nie sê nie.

Ek wil op hierdie stadium verwys na die stukkies van my bewysboek wat ingehandig gewees het, bewysstuk 3. U het alreeds vir die Hof gesê dat van die stukkies van die bewysboekies wat u daar gekry het, het een van die bewysstukke aan my behoort, en dit was my bewysboekie? --- Ek het aan die Hof gesê dat die Polisie die stukkies boekies gekry het. In die Polisiestasie was die stukkies bewysboekies deur Speurdersersant Wessels, Kaptein Cawood en ek inmekaar gepas. Op die klein stukkie nou staan Stefaans, d.i. 'n gedeelte van die bewysstuk. Op die ander stukkie kom 'n nommer, 284090, voor,

en/....

en net onder dit die naam Salanyane Lepee. As 'n mens die twee stukkies teenoor mekaar plaas staan daar „Naam/Name: Salanyane Stefaans Lepee", en dit is waarom ons gesê het dit is die bewysboekie van die beskuldigde.

Die tydstip toe u besig was om die stukkies van die bewysboekies aanmekaar te las, was daar nie ander stukkies behalwe die een waarvan u nou melding gemaak het, deel van bewysstuk 3? --- Dit sal ek nie kan sê nie. Daar was baie ander stukkies.

Het u en die ander amptenare nie voortgegaan om die ander stukkies aanmekaar te las nie, om uit te vind wie die persone was of wie die eienaars was van die bewysboekies? --- Speurdersersant Wessels het nog daar gebly en was nog besig om die stukkies aanmekaar te las, maar ek het nie. Hy het die stukkies ook geneem om verder te ondersoek.

Was u in die oorlog gewees, d.w.s. die eerste wêreldoorlog of die tweede wêreldoorlog? --- Nee, ek was nie in een van die oorloë nie. Met die laaste oorlog was ek nog te jonk.

DEUR DIE HOF:

En met die eerste een nog ongebore! --- Nog ongebore Edelagbare!

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 38 VERVOLG:

U het alreeds gesê dat op die 21ste, die groep wat daar by die hostel gewees het, asook die groep wat daar by die plek gewees het wat die inwoners noem die rooisteen gedeelte van die lokasie, was vol gevegte gewees? --- Ja, daar was reeds moeilikheid tussen die Polisie en die Bantoes.

Dit was ook dieselfde toestand daar by die Polisiestasie? Is dit so? --- By die Polisiestasie was dit seker erger.

In die vier jaar, d.w.s. die afgelope vier jaar wat ..

u/....

u die Superintendent is van die lokasie, en dag na dag met die nie-blankes gewerk het, weet u wanneer die nie-blankes kwaad is en wanneer hulle nie kwaad is nie? ---Ja, ek dink ek weet by nou.

Ek wil eers uitvind of u 'n persoon is wat gewoonlik oorlogboeke lees? ---Ek lees hulle soms.

Nou, is dit dan die gewoonte as daar 'n oorlog is dat die vroumense en kinders, asook die blanke vroumense, dra dan hulle kinders op hulle rûens en gaan dan oorlog toe om te gaan baklei? --- Nee, ek glo nie dit is die gewoonte nie, en ek het dit ook nog nie so gelees nie.

Ek stel dit aan u dat ek is 'n bietjie twyfelagtig as u sê dat die mense wat daar gewees het was baie kwaad gewees en wou met die Polisie baklei? --- Dit het so gelyk.

Ek stel dit aan u dat as die mense van plan was om met die Polisie te baklei, sou hulle nie die kinders saam met hulle geneem het van die ouderdomme soos u dit genoem het van 12 na 18 jaar nie? --- Ek weet nie.

En hulle sou ook nie kinders op hulle rûens gedra het nie? --- Ek weet nie, maar soos ek gesê het die skare was volgens my eers nie kwaad nie, maar het daarna kwaad geword.

__DEUR DIE HOF:__

Dit lyk vir my die beskuldigde se vraag is eintlik as vroumense met klein babatjies op hulle rug vasgebind daar was; was dit so? ---Daar was Edelagbare.

Het hy nie ook iets gesê van vroumense wat sambrele dra? ---Hy het ja Edelagbare.

Daar was vroumense met kinders, met klein babas op hulle rûens? --- Daar was vroumense met kinders en daar was ook vroumense met sambrele.

__KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 38 VERVOLG:__

Ek stel dit aan u dat ek glo dit nie, en ek sal dit nie/....

nie glo nie dat die skare wat daar gewees het wou met die Polisie baklei het?

**DEUR DIE HOF : AAN BESKULDIGDE NR. 38 :**

Was jy daar? Toe maar, jy hoef nie die vraag te beantwoord nie. Jy het noual die vraag gestel, en die getuie het al driekeer daardie vraag beantwoord.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 38 VERVOLG:**

U het alreeds gesê dat u het ons daar by beskuldigde nr. 4 se huis aangetref?

**DEUR DIE HOF:**

Ja, jy kan maar twee-uur aangaan met vrae oor beskuldigde nr. 4 se huis.

**HOF VERDAAG.**

**HOF HERVAT:**

**MACHIEL ANDREES LABUSCHAGNE**, onder sy vorige eed, vervolg:

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 38 VERVOLG:**

Toe u na More se huis, d.i. beskuldigde nr. 4 se huis gegaan het, was u alleen gewees of was u vergeseë gewees deur iemand? --- Ek was vergesel deur 'n Bantoekonstabel; een of twee, ek is nie seker nie.

Die tydstip toe u ingegaan het in die huis, het die een of twee nie-blanke konstabels ook ingegaan? --- Ja, een het my gevolg. In die sitkamer kan ek onthou dat dit was ek en een Bantoekonstabel.

Geen verdere vrae nie.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 39:**

Nou mnr. Labuschagne, ek wil weet as u in die lokasie ingaan om daar bier te gaan soek of iemand vir bier te gaan arresteer of iets van daardie aard, gaan u met die Polisie in/....

in of nie? --- Edelagbare, soms gaan ek saam met die inspekteurs en die Bantoepolisie, en soms gaan hulle alleen.

Ek stel dit aan u dat op die geleenthede as u saam met die Inspekteurs daarheen gaan en die Polisie, dan verwag u dat daar kan moeilikheid veroorsaak word? --- Nee, ek moet aan die Stadsraad rapporteer omtrent die werk wat gedoen word, en dit gebeur dat ek soms saamgaan om toesig te hou dat dit goed gaan. Ek moet ook rapporteer hoeveel klopjagte, hoeveel arrestasies uitgevoer word.

Tot op die stadium dat u inligting gekry het dat die P.A.C.-beweging hier in Sharpeville dorp is, was daar enige organisasie waarvan u kennis gedra het? --- Ek het geen kennis van enige ander organisasie gedra nie.

Onthou u nog dat op 'n sekere dag, of op 'n sekere aand, het u daar by my huis gekom vergesel deur drie blanke konstabels asook vyf nie-blanke konstabels? --- Ek kan die voorval nie onthou nie, maar dit mag wees.

Ek stel dit aan u dat op die betrokke dag toe u daar aangekom het, het u my boeke deursoek, almal van hulle? --- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Ek stel dit aan u dat op die betrokke dag het u duplikaatsleutels gehad wat u gebruik het om sekere laaie oop te maak wat aan my vader behoort? --- Nee, ek het dit nie gedoen nie. Ek kan soiets nie onthou nie.

Ek stel dit aan u dat op die betrokke dag onthou ek nog dat u het nie 'n hoed gedra op u kop nie, en op dieselfde dag het u 'n soort van 'n rottang kierie gedra? --- Nee, ek kan nie onthou nie. Ek loop altyd sonder 'n hoed.

Die ander gedeelte van die vraag is u het 'n hoed opgehad maar u het dit nie afgehaal nadat u in die huis gegaan het nie? --- Dit is moeilik om te sê of ek 'n hoed gehad het of nie. Die meeste van die tyd dra ek nooit 'n hoed nie, maar

ek/....

ek kan nie onthou dat ek in sy huis was nie.

Ek stel dit weer aan u dat op dieselfde het dit my verbaas dat u as die hoogste owerheid van die lokasie nie u hoed afgehaal het nadat u in die huis ingekom het nie, maar u wil hê dat die inwoners u respek moet toon? --- Ek kan dit nie onthou nie.

Nou wil ek van u weet, omdat die inwoners van die Sharpeville dorp klagtes gehad het, wou u gehad het dat daar moet ander organisasies bestaan soos die P.A.C.? --- Ek kan nie een of ander organisasie voorskryf nie. Ek moet my net by die Wet bepaal.

By die Adviesraad se vergaderings, is daar oproerighede soos u alreeds melding gemaak het, dat by die vergaderings wat u bygewoon het was daar oproerigheid gewees? ---Ja, ons het by die Adviesraadvergaderings al moeilikhede gehad, argumente, maar nog nie sedert ek Lokasiesuperintendent is nie.

Ek het u hoor sê dat tot die 18de Maart was daar geen moeilikhede in Sharpeville lokasie nie? --- Daar was geen onluste, en niks eintlik om van te praat nie.

Onthou u nog die "strike" van die vroumense? --- Daar was nie 'n "strike" van Banteovrouens nie. Hulle het beswaar gemaak teen die huur van die 644 huise, en na samesprekings met hulle en die Bantoe Adviesraad was die klagte gerapporteer aan die Stadsraad. Dit is die geval waarvan ek reeds gepraat het, dat die klagte aandag geniet.

Dan moet u saam met my stem as ek sê dat omdat hulle nie in staat is om die hoë huurgeld te betaal nie, bedoel dit dat die naturel nie in staat is om dit te doen omdat hy kry te min beloning? --- Ja, ek kan met die beskuldigde saamstem dat ek voel dat party van hulle se inkomste nie voldoende is nie.

Om die rede dan waarom is die Stadsraad nie gou

om/....

om die klagte van die mense te antwoord nie?

**DEUR DIE HOF : AAN BESKULDIGDE NR. 39:**

Beskuldigde nr. 39, wat het al die dinge met hierdie saak te doen? Hierdie is 'n saak van 'n kampanje teen passe en van 'n beweerde geweldpleging. Dit kan net ter sake wees as dit iets met daardie twee klagtes te doen het, of iets met die geloofwaardigheid van hierdie getuie te doen het, anders gaan dit my nie aan nie en het ek nie die tyd om daarna te luister nie. Nou maak dit vir my duidelik of dit binne die bestek van my ondersoek val? ---- Ek verstaan dit Edelagbare.

Nou, wat het ek daarmee te doen in hierdie saak? Dit mors my tyd.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 39 VERVOLG:**

9 Die dag toe u daar by Mere, d.i. beskuldigde nr. 4, se huisaaangekom het, onthou u nog dat u 'n kort kakiebroek aangehad het, asook 'n bleu hemp met kort moue? ---- Dit mag wees. Oor 'n naweek sal ek miskien so aangetrek wees.

En dat op dieselfde dag het dit gereent? Onthou u dit nog? ---- Dit kan ek regtig nie onthou nie.

Ek stel dit aan u dat die twee Polisie wat u vergesel het, was "Kondier Ben" en Sehathulu? Is dit so? ---- Ja, Ben was een, maar die ander een is ek nie so seker van nie.

Ek is baie verbaas as u vir die Hof sê dat ek was nooit in u kantoor gewees nie? ---- Nee, ek het dit nie gesê nie.

Ek stel dit aan u dat dieselfde dag nadat u my in die kantoor geneem het, het u gedreig dat u my sou doodmaak? ---- Nee, dit is nie so nie.

Ek stel dit aan u dat nadat ek in die kantoor gekom het, het u al die mense wat daar in die kantoor gewees het gevra om buitekant te gaan, en dat Sehathulu moet by die deur staan sodat hy kan sien dat daar niemand daar inkom nie? ---- Nee, ek het

het/....

het hulle eers saam in die kantoor gebring, hulle boekies ondersoek, die lêers in die kantoor getrek, en gekyk wie lokasie-inwoners is. Daarna het ek die sewe persone laat uitgaan en die pamflet met More bespreek. More was alleen saam mét my en 'n Bantoekonstabel in die kantoor.

Het u 'n vuurwapen wat genoem word 'n "Baby Brownie"? --- Nee.

Ek stel dit aan u dat hierdie vuurwapen wat u besit, het 'n sakkie waarin dit gesit word, en die kleur daarvan is groen? --- Nee, dit is nie so nie.

Ek stel dit aan u dat opdie dag het u dieselfde vuurwapen op my gerig en gesê „Ek sal jou doodmaak!" --- Nee, ek weet niks daarvan af nie.

Ek stel dit aan u dat op dieselfde tydstip het u my gevra waar is Sebukwe en Lebale, omdat ek slim is? --- Nee, ek ontken dit. Ek het geen besprekings met hierdie beskuldigde gehad nie.

**DEUR DIE HOF:**

Ken jy Sebukwe? ---Ek ken Sebukwe gladnie.

Het jy van so 'n persoon geweet? --- Ek het dikwels in die koerant gelees van Sebukwe.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 39 VERVOLG:**

Ek stel dit aan u dat op dieselfde tydstip toe u met my gepraat het, het u toe my pas geneem watwoer u gelê het en dit deurgekyk? --- Ek het na sy bewysboekie gekyk, om seker te maak of hy 'n inwoner is of nie.

Was dit op dieselfde tydstip toe ek nog daar in u kantoor was? --- Ja.

En op dieselfde tydstip toe u die vuurwapen op my gerig het? --- Hulle het al agt in 'n ry voor my tafel gestaan, en ek het een vir een gevra vir sy boekie en na sy boekie gekyk en aan hom teruggegee. Daarna is die sewe uit en ek het

met/....

met More alleen gesels.

Ek stel dit aan u dat nadat u na my bewysboekie gekyk het, het u my toe met dieselfde bewysboekie geslaan? --- Nee, ek weet niks daarvan af nie.

En ek stel dit aan u dat u het toe gesê as ek nie bereid is om niks te doen te hê met die P.A.C. nie, dan sal u my derms asook die ander mense se derms skiet? --- Ek weet niks van seiets nie. Ek mag noem vir die Hof se informasie die vuurwapens wat ons het was na die onluste aan ons uitgereik as munisipale amptenare, en op daardie stadium het ek geen vuurwapen besit nie.

Ek stel dit aan u dat na die gesprek met my het u die vuurwapen weer in die regter broeksak gesit? --- Ek weet niks daarvan af nie.

Ek het geweet dat u sal alles ontken in verband met die vuurwapen omdat u het alreeds ontken dat ek nie daar was die tydstip toe u die persone daar by More, d.i. beskuldigde nr. 4, se huis arresteer het nie? --- Nee, ek het nie ontken nie. Ek het met 'n fout gemaak en beskuldigde nr. 8 genoem in plaas van nr. 39.

**DEUR DIE HOF:**

Ek het gedag dit is in plaas van nr. 38? --- Ek bedoel nr. 38, ekskuus Edelagbare.

En dit is nr. 39 hierdie? --- Ja, in plaas van nr. 38. Ek het gladnie hierdie beskuldigde se naam genoem nie.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 39 VERVOLG:**

Ek was toe verbaas toe u my gesê het dat ek was 'n persoon, die tesourier, van die P.A.C.? --- Edelagbare, ek het die P.A.C.-beweging nie met die beskuldigde in die kantoor bespreek nie.

Op die 21ste en wat daar in Sharpeville-dorp gebeur het, is u seker u het my daar gesien? --- In Sharpeville?

Deur/....

DEUR DIE HOF:

In Sharpeville op die 21ste Maart? --- Ja, ek het die beskuldigde tussen die skare by die Polisiestasie gesien.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 39 VERVOLG:

Onthou u nog die uitkenningsparade wat gehou was by die Boksburg tronk? --- Ja, ek onthou dit.

Het u geweet waarom u soontoe gegaan het? --- Ja, ek was soontoe geroep deur die ondersoekbeampte.

Het die ondersoekbeampte vir u gesê wat u moet doen nadat u daar aangekom het? --- Ja, hy het.

Wat het hy gesê? ---Hy het gesê dat ek moet die persone uitwys wie ek baie seker was by was by die onluste in Sharpeville.

Mnr. Labuschagne, ek stel dit aan u dat daar op die uitkenningsparade was u nie in staat om my uit te wys nie? --- Dit is heeltemal korrek Edelagbare.

Omdat u het alreeds gesê dat u het my daar gesien, en u het ook gesê dat u het soontoe gegaan om die persone uit te wys indien hulle daar op die parade was. Waarom het u my toe nie uitgewys nie? --- Ek was se gevra maar ek het die beskuldigde nie uitgewys nie, omrede ek was daar nie baie seker of hy David Ramodibe is nie.

Nou sal ek weer na die voorval verwys wat daar in u kantoor plaasgevind het. As u na my bewysboekie gekyk het en my foto daar gesien het, d.i. wat daarin gewees het, en dieselfde tydstip na my persoonlik gekyk het, waarom was u toe nie in staat om my uit te wys daar op die uitkenningsparade nie? ---Ek het die beskuldigde nie uitgewys nie, en al kyk jy na die foto in die bewysboekie en ook na sy gesig, is dit moeilik om 'n persoon te herken van die foto, maar die foto was ook nie aan my getoon nie.

DEUR DIE HOF: Maar jy sê jy het na sy bewysboekie gekyk? ---

Die/....

Die beskuldigde bedoel nou in die kantoor het ek na sy bewysboekie gekyk, hier in Sharpeville lokasie, en nie by die tronk nie.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 39 VERVOLG:**

Ek stel dit aan u dat u het na my bewysboekie gekyk voor die uitkenningsparade gehou was, en u het toe geweet dat ek David Ramodibe was? --- Die dag in die kantoor ja.

Ek stel dit aan u dat u ken my nie? --- Ek ken die beskuldigde van sien.

Weet u waar ek woonagtig is in Sharpeville? --- Ek weet wat die huis se nommer is, maar ek sal nie reguit na die huis toe kan gaan en hom uitwys nie.

U sê nou u sal nie in staat wees om die huis uit te wys nie? --- Maar ek ken die nommer, en as gevolg van my werk in die lokasie, as iemand vir my vra „Ken jy Ramodibe" sal ek sê „Ja, nommer so en so".

Ek stel dit aan u dat as die Superintendent van die lokasie, moet u kennis dra dat die huise daar in die lokasie in afdelings verdeel is, en dat u moet weet dat sekere nommers is 'n sekere afdeling, en van daar af is dit 'n ander afdeling? --- Ja, ek is bewus, maar ek kan nie presies sê of sy huis in die eerste blok, die derde blok of die vierde blok is nie, maar ek kan wel die nommer onthou.

Soos u alreeds gesê het het u my gesien op die 21ste Maart 1960? --- Ja.

In watter posisie was ek gewees in vergelyking met die Polisiestasie? --- Hy was in Zwanestraat aan die suidekant van die Polisiestasie.

Het u my goed gesien, dat ek die persoon is? ---Ja, ek dink so Edelagbare.

Geen verdere vrae nie.

Kruisverhoor/....

**KRUISVERHOOR DEUR MNR. UNTERHALTER:**

Mr. Labuschagne, you said in your evidence-in-chief that you have been associated with African affairs for about thirteen years? --- Dit is korrek.

I take it that especially in the last few years you are very familiar with legislation affecting the African people? --- Ja.

And more especially with the Native Urban Areas Act? That goes without saying? ---Ja.

Obviously you have a thorough acquaintanceship with the Native Urban Areas Act? ---Ja, ek dink so Edelagbare.

And with the Native Labour Regulation Act? --- Nee, daar is 'n Arbeidsburo-beampte, en die afdeling resorteer nie onder die Lokasiesuperintendent nie.

But at any rate you know something about that Act obviously? ---Ja.

And also the Co-ordination of Documents Act of 1952? --- Ja.

Mr. Labuschagne, I take it that in the course of your work you have been able to get a fair idea of how the African people feel about these laws? --- Ja.

And I suppose you have also seen actually the effect of this legislation upon the lives of people in some measure? --- Ja, ek dink so.

And you have also seen the effect of influx control upon the family life of African people? --- Ja.

It is a fact is it not that when a boy turns 18 years of age he cannot live with his parents anymore, or am I wrong? --- Nee, dit is verkeerd.

Is he not required to find hostel accommodation outside his father's home? --- Nee Edelagbare, dit word gladnie so in Vereeniging gedoen nie.

Well/....

Well, let me put it to you another way. If he was not born in the area, after that age he does not get the protection of his father's status to remain in the area? --- In my kantoor is dit dat as 'n jeugdige Bantoe wat buite gebore is onder agtien jaar is, en hy doen aansoek om by sy vader te kom bly, kry hy altyd toestemming.

But you agree with me he does not have this as of right, he has it because you exercise a discretion in his favour? --- Ja, die Lokasiesuperintendent kan sy diskressie gebruik.

And if the Superintendent decides to use his discretion against the boy, the boy may be endorsed out of the area? --- Ja, dit mag gebeur.

If an Affican is to satisty the Police that he is entitled to be in an Urban Area, the best way for him to do it is to have a proper endorsement in his reference book? --- Dit is korrek.

Now, this is an endorsement that has to be entered either by the Urban Local Authority, or by the Labour Office? --- Ja, dit word by ons gedoen deur die Hoofregistrasiebeampte.

Which officer is attached to either one or other of the authorities I have just mentioned? --- Dit is korrek.

And here again it is a question of discretion, it is not a question of rights? ---Dit is moeilik vir my om te sê in sy afdeling.

I don't understand your difficulty Mr. Labuschagne. What I am putting to you is really something that is obvious, that flows from the Law? --- Miskien kan ek verduidelik. Die geproklameerde gebied sluit in die hele Vereeniging dorpsgebied en fabrieke. Die stedelike gebied is kleiner. Dit is net die munisipale gebied, en dan kom die Bantoelokasie binne die stedelike gebied. Vir 'n Bantoe om van buite in te kom in

die/....

die geproklameerde gebied moet hy toestemming kry van die Banteesake Kommissaris en die Hoofregistrasiebeampte. Vir 'n Bantoe om in te kom van buite tot in die stedelike gebied moet hy toestemming kry van die Hoofregistrasiebeampte, en vir 'n Bantoe om in te kom vanbuite in die lokasie moet hy die toestemming van die Lokasiesuperintendent kry. So binne die stedelike gebied gee die Hoofregistrasiebeampte toestemming, en in die lokasie vir huisvewting gee die Lokashesuperintendent toestemming.

You did understand my question did you not? --- Ek hoop ek het voldoende geantwoord Edelagbard.

I did not ask you for an exposition of the Law Mr. Labuschagne. I'll repeat my question. In the giving of these permissions it is in the discretion of the officer who has to give the permission? Do you agree with that or not? --- Dit hang af watter permissie. Vir in die lokasie, vir in die stedelike gebied, of vir waar?

For the lot? --- Dan moet die beampte verantwoordelik toestemming gee.

I am not asking you who has to give permission, I am asking you if the officer who gives that permission exercises a disfretion in doing so? Surely you can underwtand that Mr. Labuschagne? ---Dit mag wees.

What do you mean it may be? It is so! --- Dat die Hoofregistrasiebeampte sy diskresie gebruik.

But Mr. Labuschagne, I don't know why you are fencing with me, this is all introductory. It is so that the man exercised a discretion?

BY THE COURT:

Mr. Unterhalter, if that is the Law, do I need a witness to tell me so?

BY MR. UNTERHALTER: No, I must have it from him with respect

Your/....

Your Worship.

**DEUR DIE GETUIE:**

Edelagbare, mag ek dit duidelik stel? Ek was nog nie 'n Registrasiebeampte nie, en ek het nog nooit so 'n toestemming gegee nie, en dit is vir my ommoontlik om te sê of hy sy diskresie gebruik, ja of nee.

**CROSS-EXAMINATION BY MR. UNTERHALTER CONTINUED:**

You have a superb ignorance of the Law in other words? --- Daardie afdeling resorteer nie onder my nie, en ek ken nie die Registrasieregulasies nie.

You have told us a little earlier you know the Native Urban Areas Act well? --- Ja.

Do you know Section 10 of that Act? --- Ja, redelik. Ek weet wat daar staan.

And do you know that there are only certain circumstances which give an African a right in Law to be in an Urban Area? --- Ja.

Apart from those he has no right to be in an area? --- Ja.

And he can only come in if he gets permission? --- Ja, ek het reeds gesê hy moet toestemming kry.

Have you ever known of any cases of hardship arising from this in your thirteen years of experience in your field? --- Ja, ek het.

And you will be fair enough to say that in many cases it places great hardship on people? --- Dit veroorsaak ongemak in party gevalle.

In fact I think it will be correct to say it is the central matter really in the life of Africans who live in an Urban Area? --- Ja.

Together with the scale of wages that they earn in Urban Areas? --- Ja, dit is reg.

And/....

And the effective means of control is the reference book? --- Ja.

And in the mind of the African the restriction on his liberty to move about is associated with the requirement that he must carry a reference book?

DEUR DIE HOF:

Verstaan u dit mnr. Labuschagne? Die vraag is of die bewysboekie in die gedagte van die Bantoe is as hy moeilikheid het? Sy die bewysboekie het iets met sy moeilikhede te doen? --- Dit mag so wees ja Edelagbare.

CROSS-EXAMINATION BY MR. UNTERHALTER CONTINUED:

I think you will agree it very often is? --- Ja, party Bantoes mag so voel.

In your years, in your Department, you must one way and another have had many criticisms and complaints about this? from the people who are in your care in the location? --- Nee, ek is eerlik as ek sê dat nog niemand in Sharpe naturelledorp het by my gekla teen die dra van bewysboekies nie.

A remarkable record Mr. Labuschagne! --- Dit mag wees Edelagbare.

I take it you don't want us to infer from that that the African population of Sharpeville were not interested in reference books, and the effect of those books on them? --- Toe die bewysboekies uitgereik is was die mense in kennis gestel en hulle het almal gerapporteer en boekies kom haal.

Please answer my question Mr. Labuschagne? Do you wish me to repeat it? --- Daar was nie klagtes by my ingedien teen die bewysboekies nie.

I did not ask you that question. I asked you you don't want us to infer that the Sharpeville population was therefore not interested in the effect of reference books on their lives? --- Ek weet nie of hulle belang gestel het nie,

maar/....

maar daar was geen klagtes nie.

Are you suggesting or attempting to suggest that there was no interest that these people had in these books? --- Ja, in Sharpeville nog nooit nie.

Despite the fact that you have just admitted a little while ago that it is associated in the mind of the African with a restriction on his freedom of movement? --- Ja.

So must His Worship then infer that in fact they are all well content to be governed by this system? --- Ja, die eerste klagtes was met die onluste.

Mr. Labuschagne, do you really pretend - I don't say that in any derogatory sense - do you really profess to have an opinion about African attitudes on this matter? ~~to-havën~~ Sharpeville ja dink ek Edelagbare.

You see, we have had evidence in the last couple of weeks from members of the Special Branch of the Police Force, and their opinion has been asked about the attitude of the African population to passes, and they were unanimous in describing the attitude as at least highly critical, to put it no higher than that. --- Dit mag so wees in ander gebiede.

But you claim that in the area under your control, Sharpeville, the public opinion is different? --- Ja.

Do you think it is unique, or is this the usual thing? Are there many other locations in South Africa that enjoy the same favoured position? --- Ek dink daar is nog ander Banteelokasies ook; dit mag wees.

Mr. Labuschagne, according to you 18,000 people gathered outside the Sharpeville Police Station on the morning of the 21st of March of this year? --- Ja, ek het gesê tussen 15,000 en 18,000 in die middag voor die skietery.

You will agree it is an exceptionally large gathering of people to take place? --- Ja, ek stem saam.

Do/....

Do you ever recollect in your experience the gathering of such a crowd in your location? --- Daar was nog nooit so 'n skare byeen vandat ek in die lokasie is nie.

I want to suggest to you that that crowd gathered because it had something to do with passes? --- Ek sal nie kan sê nie, ek het geen kennis daarvan gedra nie.

Can you suggest any reason to your knowledge as a responsible officer, why that crowd gathered together? --- Ek glo omdat dit was dat hulle opgesweep was.

This is a guess on your part I take it? --- Ja.

Is it equally possible that they may have gathered together because of a rumour that there was to be an address by somebody about passes? --- Ek het ook die storie gehoor dat iemand hulle sou toespreek by die Polisiestasie.

DEUR DIE HOF:

Op watter stadium het jy dit gehoor? --- Die dag met die opstotery daar, op die 21ste.

CROSS-EXAMINATION BY MR. UNTERHALTER CONTINUED:

It is correct is it that it was a fairly widespread rumour among the people? --- Hoe wyd weet ek nie, maar daar was sulke stories.

But it was not confined to one person? I mean, when I say widely-spread I mean it was fairly big, I am not asking you to measure it? ---Dit mag wees ja.

Which means that the people came there either because they were incited to come there on your version, or because there was a rumour such as I have just mentioned to you? --- Ja.

But whether it was the one or whether it was the other, it certainly had to do with passes? --- Ek het die eerste keer van die passe gehoor die dag daar na die skietery.

No, I did not ask you when you heard it Mr.

Labuschagne/....

Labuschagne, please do try to answer my question? --- Dan kan ek nie sê nie.

Let me put it to you again. That crowd gathered together either by rumour or by incitement, but they gathered together because it had something to do with the passes? Do you agree with me? --- Ek kan nie saamstem nie.

Well, what do you think it had to do with them? --- Edelagbare, my eerlike opinie was dat die mense was opgesweep en mislei om na die Polisiestasie te kom.

Mr. Labuschagne, you do understand the questions as I am putting them to you? --- Ja.

Now you say they were incited, but in connection with what were they incited? About rents, were they incited about beer or were they incited about the Pass Laws? ---Ek het nie gehoor dat hulle teen enige van die goed opgesweep was nie.

Well, against what did you hear them being incited? --- Ek het gehoor dat hulle gaan optogte maak as gevolg van hulle salarisse.

When did you hear that? --- Ek het dit seker Saterdag of Sondag, die 19de of die 20ste gehoor.

And you formed your serious opinion in this Court before His Worship under oath on that basis, that you heard they were going to have processions against salaries? ---Ja.

So is His Worship to understand that these 18,000 people gathered there to protest against wages according to you? --- Ek weet nie of almal daarteen gaan protesteer het nie, maar dit is wat ek gehoor het. Sommige het miskien gegaan as gevolg van die storie wat daar rondgegaan het, dat hulle na die Polisiestasie moet kom.

As the Location Superintendent I take it you claim to have a responsible opinion about what happened in your

location/....

location? --- Ja, ek dink so.

In fact really as the head of that area nobody should know better about the state of affairs there than yourself, is that not so? --- Seker ja Edelagbare.

Upon the opinion that you express, we can assume that you are expressing a responsible opinion from knowledge? --- Dit is moeilik wat U Edelagbare sal glo.

In the light of what I have said to you just now, do you still persist in telling this Court that those 18,000 people were incited in respect of wages? --- Ja, dit is die storie wat ek gehoor het, tot op die 21ste wat ek van die bewysboekies gehoor het.

Now, what opinion do you express - because we must ask your opinion? --- In verband met wat?

As to what they were incited about, in your opinion? --- Ek glo dat hulle was bekommerd oor diessalarisse, asook gegrief oor die bewysboekies.

And the principal reason as between salaries and reference books was what in your opinion? --- Vir die 21ste is dit miskien die bewysboekies.

It may be or definitely is? ---Ek kan nie beslis sê nie.

You are aware that the 18,000 people gathered on the 21st March, are you not? --- Ja.

You are aware that the rumour about the officials speaking to them, was a rumour about the meeting on the 21st March? --- Ek het gehoor daarvan ja.

You know that one of the principal features in this case is an allegation about protesting against the Pass Laws? --- Ja.

I am putting it to you that if there was any protest at all against wages, it was absolutely minor compared with

the/....

he protest in connection with the Pass Laws? --- Dit mag wees.

It may be or is? --- Nee, dit mag wees dink ek.

You are not prepared to say that it is? --- Ek kan

ie.

Why can you not? --- Ek kan dit nie sê nie.

Mr. Labuschagne, you gave evidence about having

icked up pamphlets?

Y THE COURT:

Mr. Unterhalter, if you are going off this point

propose to adjourn at this stage.

COURT ADJOURNS UNTIL 24.10.1960.